# 13

# Koningin Quellerina

## Die lug



Quellerina is koningin van die lug …
Snags neurie die maan liedjies vir haar.
Die sterre skitter helder.
Hulle kyk na haar terwyl sy slaap.



Quellerina is koningin van die lug ...
Bedags skyn die son sy strale op haar.
Hy skyn sy warm strale op haar hare.
Die wind blaas vir haar soentjies.
Hy fluister liefdeswoordjies.


Quellerina
Quellerina
Quellerina
Quellerina
Quellerina is koningin van die lug …
Die reën val voor haar voete.
Die donderweer dreun haar naam.
Die weerligstrale flits 'n glimlag.
Hulle vier haar mooiheid en goedheid.